


**MAANDELIKSE PRAATJIE**

Maandag, 25 April 2022 om 09h30
Die Waenhuis, Jagersbosch, Stilbaai-Wes

**MONTHLY TALK**

Monday, 25 April 2022 at 09h30
Die Waenhuis, Jagersbosch, Stilbaai West

## Die Wonderlike Sederberge

**Derek Odendaal**

Derek Odendaal het in die Noord-Vrystaat grootgeword en was van kleins af lief vir stap en verken. Toe hy op KOVSIES gaan studeer, het hy gereeld aan staptogte begin deelneem en ook by die Bergklub van Suid-Afrika aangesluit. Hy het lank in Bloemfontein gewoon en gewerk – in sy vakgebied rekreasie en toerisme. Hy is 'n gekwalifiseerde bergstapleier en toeristegids.

Die Sederberge is bekend vir sy ruwe landskap, besonderse rotsformasies en karaktervolle sederbome. Dis egter ook 'n redelik afgeleë area en daar is maar min teerpaaie wat jou toegang tot hierdie groot berggebied gee.

Derek is 'n ervare stapper wat reeds in verskeie dele van die Sederberge gaan stap het en ook heelwat plekke daar besoek het. Hy gaan meer vertel oor wat die Sederberge alles bied en 'n klomp foto's wys wat van die besonderse landskap en die mooi fynbos-blomme geneem is. Verder sal Derek 'n oorsig gee oor die hele bergreeks, die dorpe rondom, en toeganklikheid. Dan word die noordelike, sentrale en suidelike deel van die bergreeks van nader bekyk, met mooi fotos, bekende plekke en besienswaardighede, staproetes en bergpieke, asook oornagplekke en ander aktiwiteite.

Die praatjie is in Afrikaans en Engels.

## The wonderful Cedar Mountains

**Derek Odendaal**

Derek Odendaal grew up in the Northern Free State and loved hiking and exploring from an early age. When he went to study at the University of the Free State, he started participating in hiking regularly and also joined the Mountain Club of South Africa. He lived and worked in Bloemfontein for a long time - in his field of recreation and tourism. He is a qualified mountain hiking leader and tourist guide.

The Cedar Mountains are known for its rugged landscape, exceptional rock formations and characterful cedar trees. However, it is also a fairly remote area and there are few tarred roads that give you access to this large mountain area.

Derek is an experienced hiker who has already hiked in various parts of the Cedar Mountains and also visited many places there. He will tell us more about what the Cedar Mountains have to offer and show a lot of photos taken of the special landscapes and the beautiful fynbos flowers. He will give an overview of the entire mountain range, the surrounding towns, and accessibility. Then the northern, central and southern part of the mountain range are looked at more closely, with beautiful photos, famous places and attractions, hiking trails and mountain peaks, as well as overnight places and other activities.

The presentation will be in English and Afrikaans.

## Vergadering reëlings

Vir hierdie vergadering moet daar voldoen word aan Covid-19 regulasies. Die volgende sal van toepassing wees:
Getalle wat in Die Waenhuis toegelaat word is beperk tot 50, maar daar word voorsiening vir meer mense gemaak in die ontvangslokaal.

## Meeting arrangements

For this meeting we must comply with Covid-19 regulations. The following will apply:

The number of people allowed in the Waenhuis is limited to 50. Provision is made, however, for seating for more in the foyer.

Alle persone wat bywoon moet maskers dra. Moet asseblief nie kom as u enige Covid-simptome het nie. Indien u reeds 'n naamkaartjie het, moet u dit asseblief dra.
Die wynloting sal wel gehou word. Bring R5 saam vir 'n kans om 'n bottel baie goeie wyn te wen! Die R10 Gin-loting sal weer plaasvind soos in die verlede. Fondse word ge-oormerk vir die Jagersbosch-fonds, sowel as die jaarlikse lisensie vir die U3A-rekenaar.

All persons attending must wear masks. Please don't attend if you have any Covid-symptoms. Please wear your name tag if you have one already.

The wine raffle will be held. Bring R5 for a chance to win a very good bottle of wine! The R10 Gin raffle will take place again. The funds are earmarked for the Jagersbosch Fund and the annual payment of our U3A computer licence.
.

## Nuwe Bestuurs-komitee

Op die Algemene Jaarvergadering van 28 Maart 2022 is die volgende bestuur verkies:

- Voorsitter: Niel van Wyk
- Onder-voorsitter: Pieter du Toit
- Sekretaresse: Nina du Toit
- Assistent-sekretaresse: Marguerite Smit
- Tesourier: Estelle van Rooyen
- Bulletin: Deon Begemann
- Webwerf: Niel van Wyk en Johan Buys
- Tegniese bystand: Karel Nel

## New Management Committee

At the annual At the Annual General Meeting held on 28 March 2022 the following management was elected:

- Chairman: Niel van Wyk
- Vice-Chairman: Pieter du Toit
- Secretary: Nina du Toit
- Assistant-secretary: Marguerite Smit
- Treasurer: Estelle van Rooyen
- Bulletin: Deon Begemann
- Website: Niel van Wyk and Johan Buys
- Technical support: Karel Nel

## Lidmaatskap vir 2022

Lidmaatskap vir 2022 beloop **R30 per jaar.** U kan u ledegeld kontant by die maandelikse praatjie betaal of met EFT. Die bankbesonderhede is:

U3A Stilbaai
ABSA BANK
Rekeningnommer: 9321782429
Bankkode: 632005

Gebruik u voorletters en van as verwysing en stuur 'n bewys van betaling aan info@u3astilbaai.org . Vermy asseblief om die betaling persoonlik by die bank te doen.

## Membership for 2022

Membership for 2022 is **R30 per year**. You can pay your membership fees in cash at the monthly talk or by means of an EFT payment. The banking details are:

U3A Stilbaai
ABSA BANK
Account number: 9321782429
Banking code: 632005

Use your initials and surname as a reference and send proof of payment to info@u3astilbaai.org. Please avoid making the payment in person at the bank.

## Groepe

Die volgende groepsaktiwiteite vind plaas. Onthou dat groepsaktiwiteite slegs vir U3A- lede is.

• **Aandele-groep**
Kontakpersoon: Deon Grobler by deonenelaine@gmail.com

• **Astronomie-groep**
Kontakpersoon: Deon by begemannd@gmail.com

## Groups

The following group activities are taking place. Please note that Group activities are for U3A members only.

• **Shares Group**
Contact person: Deon at deonenelaine@gmail.com

• **Astronomy Group**
Contact person: Deon at begemannd@gmail.com

| | |
|---|---|
| * **Fotografie-groep**<br>Kontakpersoon: Richard by rwebb01@gmail.com<br><br>• **Neurowetenskap-groep**<br>Kontakpersoon: Jenni by jennisharkey@gmail.com<br><br>• **Stapgroep**<br>Kontakpersoon: Karl-Heinz by karl-heinz@wispernet.co.za<br><br>• **Voëlgroep**<br>Inligting beskikbaar op www.u3astilbaai.org/birdgroup | • **Photography Group**<br>Contact person: Richard at rwebb01@gmail.com<br><br>• **Neuro science Group**<br>Contact person: Jenni at jennisharkey@gmail.com<br><br>• **Hiking Group**<br>Contact person: Karl-Heintz at karl-heinz@wispernet.co.za<br><br>**Bird Group**<br>Information is available on www.u3astilbaai.org/birdgroup |

*U3A Stilbaai verbeter die lewenskwaliteit van ouer mense, veral afgetredenes, en bevorder die behoud van intellektuele kapasiteit deur middel van stimulerende leer- en onderrigprogramme en die sosiale kontak wat daarmee gepaard gaan.*

*U3A Stilbaai improves the quality of life of people of mature age, especially retirees, and encourages the maintenance of intellectual capacity through stimulating programmes of learning and teaching and the concomitant social contact*